



Uiteindelik 'n koerantjie
met goeie nuus!

DAAR STAAN GESKRYWE...

ALPHA

JOU UITNODIGING NA ‘N GELUKKIGE TOEKOMS MET ‘N SINVOLLE LEWE

OMEGA

Omdat ons hedendaagse wêreld so onseker is, soek mense na betekenis, vrede en veiligheid in geestelike waardes. Materialisme en sekularisme het nie daarin geslaag om hulle verlange na betekenis te bevredig nie en hulle soek weer by God die antwoorde – antwoorde wat in die Bybel te vinde is.

Daarvan het Samuel Chadwick (1860-1932) getuig: “Ek het meer as sestig jaar lank die Bybel gelees, daaraan gewerk en daaroor gebid, en ek verklaar nou ronduit dat daar geen ander boek soos die Bybel is nie. Dit is tegelykertyd ‘n literêre wonderwerk, ‘n fontein van wysheid, ‘n skatkis vol verrassings, ‘n openbaring van misteries, ‘n onfeilbare gids vir ons lewenspad, en ‘n onbeskryflike bron van troos.”

Die Heilige Skrifte, die Ou en die Nuwe Testament, is die geskrewe Woord van God, deur Goddelike ingewing oorgedra aan heilige manne van God wat gespreek en geskryf het soos deur die Heilige Gees gedrywe. In hierdie Woord het God die kennis aan die mens oorgedra wat nodig is vir sy verlossing. Die Heilige Skrifte is die onfeilbare openbaring van Sy wil. Hulle is die norm vir karakter, die toets vir ondervinding, die gesaghebbende openbaarder van leerstellings en die betroubare beskrywing van God se handeling in die geskiedenis.

Hierdie reeks Bybelstudies van 30 lesse word aangebied in die hoop dat dit jou tot ‘n grondiger verhouding met Christus sal lei. Om Hom en Sy wil te ken is van ontsettende belang in hierdie dae van misleiding, leerstellige pluralisme en gebrek aan belangstelling. Sodanige kennis is die Christen se enigste beskerming teen diegene wat “soos wrede wolwe” sal kom en verkeerde dinge sal praat om die waarheid te verdraai en die geloof van die kinders van God te vernietig (kyk Handeling 20:29, 30). Om veral in hierdie laaste dae nie soos “golwe geslinger en heen en weer gedryf [te] word deur elke wind van lering, deur die bedrieëry van die mense” (Efesiërs 4:14) nie, moet almal die regte begrip van die aard van God, Sy heerskappy en oogmerke hê. Alleen diegene wat hul gees met die waarheid van die Skrif gewapen het, sal die laaste stryd kan weerstaan.



INHOUD

1.	Laat julle hart nie ontsteld word nie
2.	U Woord is die waarheid
3.	Nasies in die weegskaal
4.	‘n Engel word ‘n duiwel
5.	Jesus kom weer
6.	Tekens van Jesus se koms
7.	Satan vir ‘n duisend jaar gebind
8.	Eden word herstel
9.	My Here en my God
10.	Hoe word ‘n mens salig?
11.	Die antwoord is gebed
12.	Tien ewige beginsels
13.	Rek die rand
14.	Waarom mense ly
15.	Goddelike genesing
16.	Die teken van trou aan die Here
17.	Die rusdag in die Nuwe Testament
18.	Die geheim van die vermiste Bybelteks
19.	Die Heilige Gees
20.	Jou denkvrae beantwoord
21.	Geheime vir ‘n gelukkige tuiste
22.	Die evangelie van goeie gesondheid
23.	Wat gebeur vyf minute na die dood?
24.	Die lot van die oortreder
25.	Christelike gedrag
26.	Jou denkvrae beantwoord
27.	Een Here, een geloof, een doop
28.	Die kerk van Christus
29.	Weerkaats Sy

Watter onheil wag op mense wat tot elke prys wil ryk wees?
“Maar die wat ryk wil word, val in versoeking en strikke en baie dwase en skadelike begeerlikhede wat die mense laat wegsink in verderf en ondergang. Want die geldgierigheid is ’n wortel van alle euwels; en omdat sommige dit begeer, het hulle afgedwaal van die geloof en hulleself met baie smarte deurboor” (1 Tim 6:9, 10).
“Talle wat in die wêreld voorspoedig is en wat nooit tot gewone ondeug sou neerdaal nie, word deur die liefde vir rykdom tot ’n val gebring. Dis nie die leë beker wat die moeilikste is om te dra nie, maar wel die beker wat tot oorlopens toe vol is. Dit is dié wat die versigtigste gebalanseer moet word. Beproewinge en teenspoed bring teleurstelling en verdriet; maar dis voorspoed wat vir die geestelike lewe die gevaarlikste is.” – E. White.

Bestaan die gevaar dat gelowiges hulle houvas op Christus kan verloor?
“En omdat die ongeregtigheid vermeerder word, sal die liefde van die meeste verkoel” (Matt 24:12).
Selfsug, liefde vir materiële welvaart en die wêreld het Christus uit baie harte vdring. Die uitgebreide verkondiging van die evangelie beteken nie noodwendig dat daar ’n massiewe toename in ware Christelikheid is nie. Trouens, die Skrifte voor­spel ’n afname in ware geestelikheid teen die einde van tyd (2 Tim 3:1-5).

Wat is die wonderlike belofte vir die persoon wat Jesus in sy of haar lewe vooropstel?
“Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word” (Matt 6:33).
Die op-die-vlug-gejaagde psalmdigter, Dawid, het uit ondervinding geweet dat God die mens nooit in die steek laat nie (Ps 121). As jy God in jou lewe vooropstel, beteken dit dat jy eers na Hom sal gaan as jy hulp nodig het.

Wat moet ons doen om ware vrede te ontvang?
“Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oop­maak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou, en hy met My” (Open 3:20).
“Elke waarskuwing, bestraffing en smeking in die Woord van God of deur middel van Sy boodskappers is ’n geklop aan die deur van die hart. Dit is die stem van Jesus wat vra om in te kom.” – E. White.
Is jy op soek na geluk? Moenie mislei word nie. Wêreldse dinge soos geld, sekuriteit en besittings kan die mens net tydelik bevredig. Die antwoord is Jesus! Die Heiland is altyd gereed om vrede te skenk aan mense wat met twyfel en vrees oorlaai is. Hy wag dat ons die hartsdeur vir Hom moet oopmaak en sê: Bly by ons.

Hoe bemoedig Jesus ons om die moeilikhede en beproewinge van die lewe blymoedig te verduur?
“Dit het Ek vir julle gesê, dat julle in My vrede kan hê. In die wêreld sal julle verdrukking hê; maar hou goeie moed, Ek het die wêreld oorwin” (Joh 16:33).
Daar is baie mense wat diep bekommerd is oor die toekoms van die wêreld. Gew

mensehande ’n klip losraak wat die beeld getref het aan sy voete van yster en van klei en dit fyngestamp het. Toe is tegelykertyd die yster, die klei, die koper, die silwer en die goud fyngestamp, en dit het soos kaf geword van die dorsvloere in die somer, wat die wind wegneem, sodat daar geen spoor van gevind is nie; maar die klip wat die beeld getref het, het ’n groot rots geword wat die hele aarde gevul het” (Dan 2:31-35).

God het Daniël kykies op die toekoms gegee wat tot aan die einde van tyd strek. In die droom het die koning ’n groot beeld van goud, silwer, koper, yster en klei gesien – ’n simbool van wêreldryke van daardie tyd af tot die einde van die wêreld. Met hierdie droom het God aan koning Nebukadnésar getoon dat Hy die sake van nasies bestier. Hy beheer die eindbestemming van nasies net soos dié van die enkeling.

Hoe het Daniël die onrustige koning gerusgestel?

“Maar daar is ’n God in die hemel wat geheime openbaar, en Hy het koning Nebukadnésar bekend gemaak wat aan die einde van die dae sal gebeur”(Dan 2:28). Is daar ’n God? Die jong Daniël het sowat 2 500 jaar gelede voor die magtige Nebukadnésar van sy geloof getuig: “Daar is ’n God in die hemel.” Let ook op dat Daniël die koning wys “wat aan die einde van die dae sal gebeur” – die dae waarin ons nou lewe.

Wie word deur die goue hoof van die beeld voorgestel?

“U, o koning, koning van die konings, aan wie die God van die hemel die koningskap, die krag en die sterkte en die eer verleen het, en in wie se hand Hy in die hele bewoonde wêreld die mensekinders, die diere van die veld en die voëls van die hemel gegee het, sodat Hy u as heerser oor hulle almal aangestel het—ú is die hoof van goud” (Dan 2:37, 38). Nebukadnésar was baie in sy skik met hierdie verklaring dat die hoof van goud hom voorstel. Die Neo-Babiloniese Ryk was die goue koninkryk van ’n goue eeu. Die hoofstad, Babel, het ’n hoogtepunt van ongeëwenaarde luister bereik.

Watter ander wêreldryke sou volg?

“En ná u sal daar ’n ander koninkryk opstaan, geringer as dié van u; daarna ’n ander, ’n derde koninkryk, van koper, wat oor die hele aarde sal heers; en die vierde koninkryk sal hard wees soos yster, juis omdat yster alles fynstamp en verpletter; en soos die yster wat vergruis, sal hy dit alles fynstamp en vergruis” (Dan 2:39, 40). Die Babiloniese Ryk (goud) is opgevolg deur die Meders en die Perse (silwer) wat Babilon in 539 vC verower het. Hierdie mag het vir 208 jaar geregeer, maar sy mag is in die jaar 331 vC deur Alexander die Grote van Griekeland (koper), by die Slag van Arbela verbreek. Die Grieke kon georganiseerde weerstand bied teen die opkomende Romeinse Ryk (yster) net tot by die Slag van Pidna in 16

valse herders. Alleen deur nederige vertrouwe op God en gehoorsaamheid aan al Sy gebooie, is ons veilig.

By watter geleentheid is die groot stryd tussen goed en kwaad vir altyd beslis?

“Nou is dit die oordeel van hierdie wêreld, nou sal die owerste van hierdie wêreld buitentoe gedryf word. En Ek, as Ek van die aarde verhoog word, sal almal na My toe trek” (Joh 12:31, 32).

By die kruis is die karakter van Satan – die liefde vir mag – en die karakter van Jesus – die mag van die liefde – op dramatiese wyse gedemonstreer.

Wat sal die uiteindelike lot van Satan wees?

“Aangesien die kinders dan vlees en bloed deelagtig is, het Hy dit ook op dieselfde manier deelagtig geword, sodat Hy deur die dood hom tot niet kon maak wat mag oor die dood het—dit is die duiwel” (Heb 2:14).

God gaan uiteindelik die heelal van alle tekens van sonde reinig. Om dit te doen, moet die duiwel, alle sonde en sondaars vernietig word. Onder die simbool van die Prins van Tirus, word die volgende van Satan geprofeteer: “Daarom het Ek ’n vuur uit jou binneste laat uitgaan; dit het jou verteer, en Ek het jou tot as gemaak ... jy sal daar nie meer wees tot in ewigheid nie” (Eseg 28:18, 19).

Toets jou kennis

Trek ’n sirkeltjie om die W indien die bewering reg is, en om die V indien dit verkeerd is.

- .
- W. V. Die duiwel was eens ’n pragtige, sondelose engel.
- W. V. Die Satan is verantwoordelik vir wreedheid en lyding.
- W. V. Satan kan hom as ’n boodskapper van God voordoen.
- W. V. God gaan uiteindelik die duiwel vernietig.

5. JESUS KOM WEER

Wat is Jesus se uitdruklike belofte?

“Laat julle hart nie ontsteld word nie; glo in God, glo ook in My. In die huis van my Vader is daar baie wonings; as dit nie so was nie, sou Ek dit vir julle gesê het. Ek gaan om vir julle plek te berei. En as Ek gegaan en vir julle plek berei het, kom Ek weer en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is” (Joh 14:1-3). Menslike beloftes, selfs met goeie bedoelings gemaak, faal dik

Hoe ernstig moet hierdie laaste uitnodiging uitgevoer word?
“Toe sê die heer vir die dienskneg: Gaan uit op die paaie en na die lanings en dwing hulle om in te kom, sodat my huis vol kan word” (Luk 14:23).
Hierdie taak is aan die gang. In elke deel van die wêreld word hierdie laaste uitnodiging nou gehoor, en ‘n beroep word op die mensdom gedoen om dit aan te neem en hulle klaar te maak vir die koms van Christus en Sy koninkryk.

Toets jou kennis
Trek ‘n sirkeltjie om die W indien die bewering reg is, en om die V indien dit verkeerd is.

- W. V. Weens Christus se groot liefde en genade sal niemand verlore gaan nie.
- W. V. Die kinders van die Here in die laaste dae gehoorsaam God se vereistes, waaronder al tien God se gebooie is.
- W. V. God waarsku ons dat dit gevaarlik is om te weet wat reg is en dan nog te weier om die Woord van God te gehoorsaam.
- W. V. Die gunstige tyd om na Jesus te kom is nou.

Hoe belangrik is gehoorsaamheid aan God?
“Wie dan weet om goed te doen en dit nie doen nie, vir hom is dit sonde” (Jak 4:17).
Dit sal tragies wees as iemand wat hierdie kursus volg en besef dat die leerstellings

wat ons behandel het die heilige waarheid is, onwillig is om nou sy denke en lewenswyse te verander net omdat dit anders is as wat hy voorheen geglo het. God waarsku ons dat dit gevaarlik is om te weet wat reg is en dan nog te weier om die Woord van God te gehoorsaam.

Met watter laaste uitnodiging sluit die Bybel af?
“En die Gees en die bruid sê: Kom! En laat hom wat hoor, sê: Kom! En laat hom wat dors het, kom; en laat hom wat wil, die water van die lewe neem, verniet” (Open 22:17).

Baie mense loop met teleurstellings en ‘n geheime droefheid rond en trag om hulle rustelose verlange te versadig met dinge van die wêreld en die aansien van mense. Maar nadat hulle dit alles verkry het, ontdek hulle dat hulle net by ‘n gebarste reën-bak uitgekom het waaruit hulle hulle dors nie kan les nie.

Christus se woorde is die water van die lewe wat in strome van heil na alle dorstiges uitvloei. Die wat moeg en uitgeput is, word die verkwikkende teug van die ewige lewe aangebied. Ryk en arm, vernaam en gering, almal is ewe welkom. Is ook jy gereed om soos die Samaritaanse vrou uit te roep: “Here, gee my daardie water, sodat ek nie dors kry nie” (Joh 4:15)? Die fontein is vir almal oop.

MOENIE HIERDIE KANS LAAT VERBYGAAN NIE!

As jy deur Bybelstudie betekenis in die lewe wil soek, doen asseblief navraag by ons oor:

1. Ander gevorderde kursusse vir verdere ontdekkings van verbasende Bybelwaarhede wat deur die internasionale STEM-VAN-PROFESIE-BYBELSKOOL aangebied word.

2. Geestelike leesstof wat jou kan help in voorbereiding vir die laaste bedryf in die menslike drama wat die wêreld spoedig onkant gaan vang.

3. DVDs met lesings oor verstommende Bybelprofesieë wat die toekoms van ons benoude wêreld ontsluit.

ANTWOORDE VIR TOETS JOU KENNIS

1. W – V – W – W	11. W – W – W – V	21. W – W – W – W
2. W – W – W – V	12. W – W – V – W	22. W – V – W – W
3. W –		

